**Sondag 18 Desember**

**Skrifgedeelte: Spreuke 19:13-29 (OAV)**
**Fokusgedeelte: Spreuke 19:18a**

## Hoop omskep hartseer in vreugde

Kom *nou* jou tugplig as ouer na … en in die toekoms sal jy die vrug pluk. Die tug waarvan hier gepraat word, sluit selfs lyfstraf in. Hierdie tug gaan om al daardie dinge waarmee ek my kinders se morele waardes vorm deur hulle te leer om onderskeid te tref tussen wat reg en wat verkeerd is volgens God se Woord. Dit sluit – afgesien van lyfstraf – ook waarskuwing, bestraffing, berisping en onderrig in.

’n Gelowige ouer doen hierdie dinge met die hoop of verwagting dat daar by sy kind verandering of verbetering sal kom. Solank die gelowige ouer lewe, het hy ’n verbondsopdrag teenoor sy kind om hom/haar die weë van die Here bekend te maak. Só werk ons hemelse Vader dan ook met ons as sy kinders. Hy tug ons wat Hy liefhet om ons telkens opnuut weer na Hom toe terug te trek (Heb. 12:6).

Tug gaan gewoonlik ook met hartseer en pyn gepaard. Vir geen ouer wat sy kind liefhet, is dit aangeneem om sy kind te tug nie. Maar … die uiteinde daarvan is ’n kind wat in die vrese van die Here gevorm is. ’n Ouer wat sy kind uit liefde vir die Here tug, kan ook met verwagting daarna uitsien dat sy kind die Here in die toekoms met liefde en oorgawe sal bly dien.

Ons hoop vir ons kinders is ook nie beperk tot ’n goeie lewe op aarde as kinders van die Here nie, maar ons hoop vir hulle op ’n lewe tot in ewigheid. Daardie hoop staan in Jesus Christus vas. My kind is immers ’n verbondskind en sal daarom ook aan die vervulling van *al* God se beloftes deel hê … ook die hemelse saligheid is sy/haar ewige erfdeel.

*Sing: Psalm 25:2*

*Dr. JH (Jac) Howell (Die Kandelaar)*